

Inhoud Hierdie preek wys hoe Jesus Christus sy koninkryk oopsluit vir gelowiges maar toesluit vir ongelowiges. Die Here buig nie voor goddeloses se mag wie glo alles staan vir hulle oop staan om te kom en gaan en te maak soos hulle wil nie. Deur die bediening van die evangelie sluit die Here sy koninkryk vir goddeloses. Die waan wat geestelikes verkondig is dat daar nie meer grense vir God se kerk is nie en hierdie oop kerk skep hulle deur nuwe alternatiewe sleutels vir hulle godsryk. So hou Christus hulle buite sy koninkryk.

Skriflesing Jesaja 22: 1 – 5. 20 – 23; Matteus 16: 13 – 20, 28: 18 – 20.

Teks Mat. 16: 19 “Ek sal vir jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee, en wat jy ook al op die aarde toesluit sal in die hemele toegesluit wees en wat jy ook al op die aarde oop sluit, sal in die hemele oopgesluit wees.”

Tema Christus bewaar en versorg sy kerk deur toegangsbeheer met koninkryksleutels.

1. Oop vir alles en almal, niks word oop of toegesluit nie. Mense wat so magtig is dat niks vir hulle oopgesluit of toegesluit kan word nie. Hulle stap in net waar hulle wil, maak daar wat hulle wil en stap dat net uit soos hulle wil.

Dit was die grootheidswaan waarmee die Assiriese vors van Ninevé, Sanherib, die staat Juda besig was om te plunder en toe die stad Jerusalem beleer het. Hierdie eiwaan, ek stap in waar en soos ek wil, vat wat ek wil en stap uit soos ek wil, sonder dat enige iemand iets daaraan kan doen, was hoe Sanherib God self tydens die beleg van Jerusalem gelaster het: “Julle moet nie na Hiskia luister nie, want hy mislei julle deur te sê: “Die HERE sal ons red!” Het enige van die gode van die nasies ooit sy land gered uit die hand van die koning van Assirië? (2 Kon. 18: 32)

Met hierdie grootheidswaan roep die gesante van Sanherib uit dat die Israeliete alles vrywillig vir hulle moet oopmaak en uit hulle eie stad moet uitgaan, en maak dan die tipiese politieke leuen op dat dan sal hulle deel in die oorfloed van die besettingsmag van koring, nuwe wyn, brood en olywe. Hierdie bevel word as ‘n ooreenkoms voorgehou waarin hulle lewens as ‘n guns gespaar sal word as hulle voor hierdie mag van Assirië buig: Julle God sluit vir ons niks oop of toe nie. Dit is ons eie mag waarin ons instap en vat en plunder en doodmaak net soos ons wil. As julle ons slawe word sal julle gelukkig wees en in die oorfloed van die mag van Assirië leef. (2 kon. 18: 30 – 36)

Dan kondig die Here deur die profeet Jesaja aan koning Hiskia van die Israeliete aan dat Hy as Here die stad Jerusalem vir Sanherib toesluit om so sy volk te bewaar en te versorg teen hierdie besettingsmag. (2 Kon. 19: 5 – 7) Die Here is nie net nog ‘n afgod wat moet buig voor die besettingsmag van mense wat in tempels, stede en lande inloop sonder dat hulle gekeer kan word, en roof, plunder en doodmaak, sonder dat hulle ingeperk kan word nie. (2 Kon. 19: 16 – 19)

Daarom sluit God die stad toe vir hierdie goddelose gewelddadige want God sluit oop en toe. (2 Kon. 19: 32) In een nag het die HERE ‘n pes onder sy weermag laat losbreek sodat hulle moes weg trek en toe hulle in Ninevé kom het Sanherib se eie

twee seuns hom vermoor terwyl hy voor sy afgod gekniel het. (2 Kon. 19: 35 – 37)
Sy eie seuns het in sy afgod se tempel ingeloop, hom voor sy afgod dood gemaak en uitgeloopt sonder dat iets hulle gekeer het. Die HERE sluit oop en toe.

2. Teenoor hierdie mag van goddelike mense wat glo alles is vir hulle oop en niks is vir hulle ontoeganklik nie, word die mag van die Knecht van die Here in Jes. 22: 22 aangekondig: “Hy sal oopmaak, en niemand sal toesluit nie; hy sal toesluit en niemand sal oopmaak nie.” Hierdie is dieselfde Knecht van die Here wat sal uitroon en verhewe wees deur vir die oortredings van sondaars deurboor te word en die straf van hul sonde op Hom te neem. (Jes. 52: 13, 53: 1- 12)

Hierdie mag word die “sleutel van die huis van Dawid genoem” omdat dit die mag is van die beloofde Messias, die Christus volgens die Dawidsbelofte van (2 Sam. 7: 11-) Die Christus sal ‘n koninkryk met vaste grense skep en met toegangsbeheer om so God se volk te beskerm en te versorg teen die goddeloses wat god se koninkryk net nog ‘n instelling wil maak wat hulle in kan inloop, daar kan maak wat hulle wil, en kan plunder en uitloop.

Jesus Christus haal direk hierdie woord uit Jes. 22: 22 aan en verklaar dat Hy die Christus is wat aan sy dissipels die sleutels van die huis van Dawid gee: “Ek sal vir jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee, en wat jy ook al op die aarde toesluit sal in die hemele toegesluit wees en wat jy ook al op die aarde oop sluit, sal in die hemele oopgesluit wees.” (Mat. 16: 19)

Hiermee openbaar die Here Jesus Christus dat Hy ‘n kerk skep waar Hyself deur sy dissipels die toegang tot sy koninkryk beheer om die grense van sy koninkryk te beskerm. Christus is die seun van Dawid en God die Vader (2 Sam. 7: 12 en 14) wat die sleutels van die huis van Dawid aan sy kerk, sy dissipels gee.

Vir wie gee die Here Jesus die sleutels van die huis van Dawid?

Vir hulle wie die geloofsbelydenis doen wat Petrus teenoor die Here gedoen het: U is nie maar net nog en weer een van die profete, Johannes die doper wat uit die dood uit opgestaan het, Elia wat gekom of Jeremia wat weer gekom het nie, U is die Christus, die Seun van die Lewende God.” (Mat. 16: 14 - 16)

In Matteus 28: 18 – 20 openbaar die Here dat Hy hierdie sleutel aan die kerk gee as die amp om die evangelie te verkondig en die sakramente te bedien: “Maak dissipels deur die doop en die bediening van die evangelie. Dit is die sleutel van die huis van Dawid wat die kerk van die Here ontvang het.

3. Die sleutel van die huis van Dawid wat die Here Jesus aan die kerk gee, wys duidelik in die eerste preek van die Christelike kerk, die preek van Petrus op Pinksterdag. (Hand. 2: 22 -44) Petrus verkondig die evangelie van die Here Jesus se lyding, kruisiging, dood en opstanding en dat Hy daardeur die Here is wat die Abrahamsbeloftes (Eseg. 36: 24 -) waarmaak vir die wie Hom as Here vertrou: “Nadat Hy tot aan die regterhand van God verhoog is en die belofte van die Gees van die Vader ontvang het, het Hy die Gees uitgestort.” (Hand. 2: 23) Petrus roep die Jode op om hulle tot Christus te bekeer in die geloof (Hand. 2:38) Daarna het hulle die sakramente ontvang. (Hand. 2: 41 en 42)

Dit is een en dieselfde sleutel wat die koninkryk van die Here oop en toesluit: die bediening van die evangelie, die bediening van die doop en Nagmaal as tekens wat wys op ons vereniging met Christus en die toepassing van die christelike tug in die oproep tot bekering in geloof tot Jesus Christus. Vir hulle wie hierdeur Jesus Christus vertrou as Here is die koninkryk oopgesluit en vir hulle wie nie die Here vertrou nie is die koninkryk van God toegesluit.

So ontsluit die Here sy ryk vir ons om ons as gelowiges in sy liefde, genade, goedheid en barmhartigheid te leef en bewaar Hy ons in sy ryk dat niemand ons uit sy hand ruk nie. God se liefde en genade is gesluit vir hulle wie nie die Here Jesus vertrou nie en niemand kan op 'n ander wyse God se teenwoordigheid as Vader betree of toegang tot sy liefde kry nie.

Daarom staan ons as kerk voor die vraag: mag ons dit doen? Oopsluit en toesluit! Nie ons eredienste se bywoning of ons lidmaatskapregisters nie, maar die koninkryk van God! Die antwoord is dat die kerk van die Here nie "n opsie het of hulle dit doen of nie doen nie. Die verkondiging van die evangelie, die bediening van die sakramente en tug as oproep tot geloof en gehoorsaamheid aan Jesus Christus doen dit self. Dit is nie een of ander gesindheid of houding wat ons inneem nie. Ook nie een of ander magsgosisie nie. Die bediening van die evangelie, sakramente en tug werk as sleutels waardeur Christus self oopsluit en toesluit. Wie die Here vertrou in en deur hierdie bediening sluit Hy in en wie Hom nie vertrou nie sluit Hy uit. Die kerk bedien net die heilsmiddele. Die Here sluit oop en toe waar die kerk dit bedien.

4. Daar is 'n nuwe geestelike driffigheid wat in die kerk heers wat so klink: Alles is oop vir almal en alles en niks word vir iemand toegesluit nie. Die koninkryk van God is só oopgestel vir alles en almal.

Dit is die drif waarmee die kerk 'n nuwe instelling geskep het, naas die huwelike wat god vir een man en vrou ingestel het, dat persone van dieselfde geslag in pseudo-huwelike in die naam van die Here Jesus ingeseën word. Omdat die huwelik soos deur God ingestel mense uitsluit het geestelike leiers nou met 'n nuwe instelling dit vir alle mense oopgesluit.

Dit is ook die drif deur geestelikes om nou gesamentlike aanbiddingsgeleenthede vir Jode, Hindoes, Moslems, Voorvadervereerders en Christene te reël. Want so word die koninkryk van God oopgesluit vir almal en alles. Hierdie geestelikheid het al 'n benaming gekry: kerk sonder mure, kerk sonder grense.

Ongeag hierdie drif is die waarheid van die Here se koninkryk dat die sleutels van die huis van Dawid werk soos die Here dit laat werk: die sleutel wat die koninkryk oopsluit vir hulle wie in Jesus Christus glo, en so God se wet net uit dankbaarheid gehoorsaam, is dieselfde sleutel wat die koninkryk van God toesluit vir hulle wat met Jesus Christus probeer identifiseer en wie god se wet gehoorsaam as 'n wet wat straf en beloon.

So! As dit is hoe die Here die sleutels van evangelieprediking, die sakramente as tekens van ons vereniging met Christus en tug as die oproep om jou tot Jesus

Christus bewaar en versorg sy kerk deur toegangsbeheer met koninkryksleutels

Christus te bekeer gebruik, wat moet geestelikes doen om alles vir almal oop te sluit?

Jy moet die sleutels wat gelyktydig oop en toesluit verander! Jy moet die evangelie waar Jesus Christus vandag God en mens van vleis en bloed in die hemel is, verander na 'n boodskap van 'n Christus wat nie uit die maagd Maria gebore is of uit die dood uit opgestaan het nie. So word Jesus net 'n geestelike rolmodel met wie almal kan identifiseer soos wat hulle met God wil identifiseer. Word Jesus net die sentiment van vredeliewendheid, innigheid, gemoedelikheid en geluksaligheid wat almal wil ervaar. Met hierdie nuwe sleutel in die plek van die sleutels van die huis van Dawid is God se koninkryk nou kamstig oop vir alles en almal.

5. Met hierdie selfde geestelike driftigheid van die moderne geestelikes kry hulle vir hulle kamstig nuwe sleutels in die plek van die doop en Nagmaal wat die koninkryk van God toesluit vir hulle wie nie met Jesus Christus as mens in die hemel verenig is en in hierdie vereniging met die Here gelowig leef nie.

Dit is die driftigheid waarmee die kerk nuwe rituele met kerse, water, meditasie, rituele stiltes en nuwe gekleurde gewade vir predikers invoer. Elkeen kan op sy eie manier met iets geestelikes met hierdie nuwe rituele vir hom of haar self identifiseer en hulle hierin inleef. Met hierdie rituele word niemand uitgesluit soos met die doop en Nagmaal nie en so glo hulle het hulle met hierdie rituele nou die koninkryk van God vir almal oopgesluit en niemand uitgesluit nie.

Wat is die groot misgissing met hierdie oopsluit van alles vir almal?

Die misgissing is dat as jy eredienste met nuwe rituele waarin almal ingesluit is, gebruik, Christus nie hierdie rituele gebruik om mense in en uit te sluit uit sy koninkryk nie. Christus maak nie sy koninkryk oop vir almal en alles met die nuwe rituele van die geestelikes nie. Dit is nie Christus wie sy kerk en koninkryk vir alles en almal opstel nie. Inteendeel! Christus vernietig hierdie magshouding en magsuitoefening waarin mense sy koninkryk en kerk vir almal en alles wil oopstel.

Net soos die Here vir Sanherib Jerusalem en die tempel toegesluit het en dieselfde Jerusalem en tempel self vernietig het toe Hiskia dit vir die goddelose Babiloniërs opgestel het, so maak God van hierdie nuwe kultusse en aanbiddingsplekke wat sy koninkryk vir alles en almal oopstel met nuwe sleutels, 'n bespotting en vernietig Hyself hierdie aanbidding en aanbiddingsplekke.

Hierdie oop kerke is nie deel van die Here Jesus se koninkryk nie. Met die sleutels van die huis van Dawid sluit die Here die koninkryk vir hierdie oop kerke toe.

Oop kerke is nie nuwe kerke met nuwe sleutels en nuwe deure nie. Kerke sonder mure en grense is kerke met vervalte mure en grense met gate in. Dit is 'n vervalte kerk wat nie meer deel van die Here se koninkryk is nie net soos die vervalte Jerusalem en tempel in die ballingskap.

6. Wat is die waansinnigheid van hierdie oop gemeentes en grenslose kerke?

Ons kan dit met 'n voorbeeld toelig. Wat sal gebeur as die boere in Levubu al die drade en hekke om hul plase wegvat sodat almal op die plaas kan kom en gaan soos hulle wil? Die waanbeeld wat geskep word is dan sal almal wat die plaas betree wil kom help boer en van die boerdery 'n sukses wil kom maak. Dit is die waansinnige toekomsbeeld wat Sanhedrin vir die stad wat hy beleer optower deur sy politieke geesdrywers het: "As julle met my 'n ooreenkoms aangaan en uitkom na my toe, sal elkeen van sy wingerdstok en sy vyeboom en eet en elkeen uit sy opgaarput drink, totdat ek kom en julle neem na 'n land soos julle julle land – 'n land met koring en nuwe wyn, 'n land met brood en wingerde, 'n land met olyfbome, olie en heuning. Julle sal leef en nie sterf nie. Julle moenie na Hiskia luister nie, want Hy mislei julle deur te sê: "Die Here sal ons red?" (2 Kon. 18: 31, 32)

'n Opgetowerde waanbeeld sodat hulle alles kan oopmaak en dan is die werklikheid dat Sanherib die stad en tempel sal plunder en van hulle slawe sal maak. Net so is die waanbeeld van 'n nuwe gesindheid in die land waar plase hulle grense moet oopgooi want almal wil kom en help met die boerdery – die plaas sal verniel word om net nog 'n jag en visvangplek te word.

Watter boere doen dit? Dit is soos 'n melkery waar ek op die Mapleton plotte groot geword het. Die melkery "Wolff's Estate" het die plaas en stalle oopgegooi vir plakkers omdat die eienaar stil-stil al sy geld gevat en na Israel toe pad gegee het.

Predikers van die oop kerk het die koninkryk van God verlaat om roofwins te maak uit die vernietiging van die God se kerk deur die eredienste en gemeentes oop te gooi vir alles en almal. En hulle wat in die oop kerk inkom gaan dit roof en plunder en omskep in hulle eie godlose tuiste.

Die Here bly die Here wat die toegang tot sy koninkryk beheer met die sleutels van die huis van Dawid. Daarom sluit Hy die oopkerk uit sy koninkryk uit en gee Hy vir gelowiges die sleutels van die huis van Dawid. So bewaar en versorg die Here sy kinders in sy koninkryk teen die plunders van sy kerk.

Met hulle nuwe sleutels wat hulle hul eie kultus mee oopsluit vir almal sluit die Here sy koninkryk vir hulle toe. Die mure van God se koninkryk is nie vervalde vol gate en die deure afgebreek nie.